**<u>Lees</u> Fil 4:1-9** **Deel 2 Die Vrug van die Gees! VREUGDE!** **Vry. 4 Sept. 2020**

**<u>Sing</u> <u>Ps 33-1:1</u>** Berymd "Laat almal juig met blye galme…Bring voor die Heer jul **VREUGDE-PSALME**."

**Gal 5:22,23** "Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, **VREUGDE,** vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid,nederigheid en selfbeheersing."

Die tweede skyfie van die vrug van die Gees, is **Vreugde of Blydskap.** As daar ware en opregte liefde is, is daar noodwendig blydskap en vreugde. God is liefde. Om lief te hê is 'n opdrag. Liefde is 'n totale omvattendheid van jou lewe. Maar blydskap is 'n versekerde emosie of gevoel. Dit is 'n gevoel van tevredenheid. Werklike, opregte, dankbare vreugde of blydskap, is 'n gevoel wat jou christelike gesonde wese omvat.

Blydskap of vreugde moet egter nie gekoppel word aan kortstondige of blote wêreldse of materiële sake, wat los van jou liefde vir God staan nie. Want goud en geld verdwyn. Rykdom op aarde is tydelik. **MAAR rykdom en skatte in die hemel en geestelike rykdom en skatte op aarde is gewortel in ons verhouding met Jesus Christus**. Dit bring opregte vreugde. Dit bring ware vreugde.

Wat is die Bron, Oorsaak of Rede van Vreugde of Blydskap!

- Om God te ken gee vir my vreugde.
- Om Jesus Christus te ken gee vreugde.
- Om die Heilige Gees te ken gee vreugde.

In **<u>Psalm 1:2</u>** "…dit gaan goed met die mens wat sy **vreugde in die Woord v**an die Here vind."
Daar is **vreugde in om die wil van God te doen.**
Dan lees ons in Psalm 32:1 *berymd wat leer*: "Welsalig wie van skuld en straf onthewe, die Woord mag hoor jou sonde is vergewe."
Wat 'n vreugde om te weet dat ons sonde en skuld voor God vergewe is.

Maar geld en rykdom op aarde bring blydskap en vreugde, maar dit verdwyn en ek neem niks saam as ek hemel toe gaan nie.
Maar rykdom in die hemel is blywend. Daar is geen mot or roes of diewe wat kan inbreek en steel en verwoes nie.

Kom ons dink weer hier aan Luk 15 en die verlore seun. Toe hy na sy pa toe teruggegaan het, was daar vreugde en blydskap, want die verlore seun is terug.
So sal dit wees as ons in die hemel kom, daar sal blydskap en vreugde wees. Daar is 'n feesmaal voorberei lees ons in Openbaring 19.

**Want wat is ware Vreugde en Blydskap?**

- Om God te ken en te dien en te aanbid in liefde bring vreugde.
- Om jou gesin en familie om jou te hê, in liefde, bring vreugde.
- Om deel van God se gesin, se gemeente, se liefdesgemeenskap te wees, bring liefde en vreugde.
- Om tevrede te wees met wat God aan jou gee, bring liefde en vreugde.

Moet nie dat wêreldse spanning en probleme en stryd jou vreugde in die Here wegneem nie.
Dien Hom van harte en in opregtheid en dit bring vreugde en blydskap.

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)